

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 119

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Geboorteuur

Watter?

Dit is vyftig dae na Paasfees... tien dae na Hemelvaart. 'n Klein groepie mense is bymekaar... honderd-en-twintig. In gebed het hulle volhard. Hulle wag ... wag vir die geboorteuur van die Kerk van Jesus Christus. Wat het dit met my te doen? Dit het ALLES met jou te doen!

Wat het gebeur?

Jy is ook gebore. Jy het dalk bygestaan toe jou kind gebore is en jy het gesien — daar is 'n stryd — 'n stryd om lewe en dood — 'n stryd van moeder, om die kind in die wêreld te bring — 'n stryd om die kind te laat lewe — en self te lewe.

Op Pinkster was dit ook só. Die Kerk moes gebore word. Die Heilige Gees moes uitgestort word. Die betekenis: CHRISTUS het aan ons 'n Trooster belowe — die Heilige Gees — wat die Kerk moet lei en bewaar — die Heilige Gees — wat deur Sakrament moet versterk: die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal. Die Heilige Gees — wat in my hart moet werk, sodat ek wedergebore kan word. Wedergebore — om in die Koninkryk van die Hemele te kan ingaan.

My taak

Pinkster was ook vir my en jou 'n geboorteuur. Die stryd tussen lewe en dood, tussen Christus en Satan en tussen die Koninkryk van die Hemele en die koninkryk van die hel gaan nog steeds voort!

Luister!

Bid dat die Heilige Gees in jou hart woon en werk. Laat Hy jou lei na die kerk; na die Woord; na Christus; na die ewige lewe. Anders kan dié geboorteuur jou doodsuur wees ... vir ewig!

Fanus van der Westhuizen.

Werk die Heilige Gees op spesiale maniere ?

Die verskynsel van "buitengewone" gawes van die Heilige Gees is dikwels in die nuus. Onder hierdie gawes word verstaan: genesingswonders (Hand. 3:6; 5:12, 15, 16; 8:7, 13), profesie (Hand. 11:28; 20:23; 21:11), verskynings en openbaringe (Hand. 7:55; 8:39; 10:10 e.v.) en die spreek in tale en uitlê van tale (1 Kor. 12:10).

Wat dink u?

Is u dalk ook van mening dat 'n mens nie 'n Christen kan wees as hierdie "spesiale" werkinge van die Heilige Gees nie deel van 'n mens se ervaringsveld is nie. Dalk is u bekommerd, omdat u nog nie so-iets ervaar het nie. Miskien wag u op so 'n besondere teken as 'n vingerwysing, voordat u iets aan u geloof en kerklidmaatskap wil doen. Moontlik het u nog nie aan hierdie dinge gedink of daarvan geweet nie.

Die doel van die Heilige Gees se werkinge

Die Heilige Gees se doel met al sy werkinge in ons is om die evangelie van verlossing van ons sondes deur Jesus Christus in ons lewens 'n werklikheid te maak. Die volle krag van hierdie evangelie in al sy heerlike fasette word deur die werk van die Heilige Gees ons eiendom.

In die begin van die Christelike kerk (wat in Handeling beskryf word) was daar nog geen skriftelike weergawe van die gebeure rondom en na die lewe van Jesus nie. Toe het die Heilige Gees besonder dikwels van bogenoemde "buitengewone" gawes gebruik om die deur vir die verkondiging van die evangelie oop te maak. So is die prediking van die apostels bewys as eg en waar.

Dit kan ook nie uit die Bybel beweer word dat hierdie werkinge met alle gelowiges gebeur het of noodsaaklik was vir elkeen se Christenskap afsonderlik nie. Dit was eerder 'n bewys van die krag van Christus deur sy Gees in 'n mens, as 'n bewys van die kwaliteit van die mens se Christenskap. Hierdie gawes moet Christus groot maak en nie die mens verheerlik nie.

Daar is ook ander gawes

Behalwe die reeds genoemde gawes is daar ook die gawes van geloof, hoop en liefde wat die uitnemender weg is. (1 Kor. 13). Hierdie gawes is ook deur die Heilige Gees. Ook dit is iets besonders.

Daar is ook die aktiwiteit van die Heilige Gees wat die groei en voortbestaan van ons diens aan God waarborg. Dit is die roeping, die wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en die volharding van die gelowige. Ook hierdie gawes is niks anders as geestesgawes nie.

Die feit dat u hierdie artikel tot hier gelees het, is ook 'n besondere werking van die Heilige Gees.

Alle gawes ewe belangrik

Alle werkinge van die Heilige Gees is spesiaal, buitengewoon, wonderlik. Die Bybel gee ons geen grond om die "buitengewone" gawes wat aan die begin genoem is, as meer **buitengewoon** te bestempel nie. Die Heilige Gees kan enige gawe gebruik soos Hy dit nodig mag ag.

— Ons mag dus sekerlik nie die Heilige Gees wil beperk en beweer dat tongetaal, profesie,

ens. nooit weer moontlik sal wees nie.

- Ons mag ook nie hiermee die heil in Christus wil beperk en meen dat al die gawes 'n voorwaarde vir ons kindskap van God is nie. Die wat hiervoor **noodsaaklik** is, is die roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en die volharding van die gelowige.

Schutte Venter.

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde."

— *Handelinge 1 :8.*

Maar Moses sê vir Josua: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!

— *Numeri 11 : 29.*

Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in jou woon.

— *2 Timoteus 1 : 14:*

"As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. En Ek sal die Vader vra, en Hy sal julle 'n ander Pleitbesorger gee om vir ewig by julle te bly, naamlik die Gees van die waarheid.

"Wie my opdragte het en dit uitvoer, dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

"As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom ons woonplek maak. Wie My nie liefhet nie, bewaar nie My woorde nie". (Joh. 14 — nuwe vertaling).

Christene se "mentaliteit"

"Ek is 'n realis"

Christene bly vir my maar snaakse mense. Sien: ek is 'n realis... en ek moet nog 'n realistiese Christen ontmoet. Om te sê hulle is seker dat God bestaan, kan ek nog verstaan, maar om te sê dis lekker om te bid en kerk toe te gaan en om te "behoort aan Christus" en "sonde te haat" dis te erg. Ek het darem ook gesien dat daar twee soorte Christene is.

Een groep lyk vir my baie ernstig oor hulle godsdiens. Hulle is ook taamlik aanmatigend en veroordelend. Hulle het al vir my probeer beduie dat ek behoort te glo in God. Hulle sê 'n mens moet kerk toe gaan, jou kinders behoort mos gedoop te wees en om aan 'n kerk te behoort, het nog niemand kwaad gedoen nie.

Die ander groep Christene praat nooit van "moet" of "behoort" nie. Hulle lyk ook nie so ernstig oor hulle godsdiens nie. Hulle lyk in werklikheid 'n taamlik plesierige klomp. Hulle gaan blykbaar somer spontaan en bly kerk toe. Om te bid en te glo, kom skynbaar vanself uit hul harte. Hulle wil dit doen. Dis klaarblyklik nie vir hulle lekker om wilde partytjies te hou of op Sondag te gaan visvang of partykeer lekker te vloek of ander mense op hul plek te sit nie.

Kluts kwyt?

'n Dominee met wie ek nogal soms lekker gesels, beduie nou-die-dag vir my dat dit eintlik net hierdie laaste groep is wat werklik Christene is. "Jy sien, God het werklik in hul lewens gekom — deur sy Gees!".

Die Gees van God is blykbaar iets wonderliks. Hy verander 'n mens se binneste. Die dominee sê Hy maak jou nuut — so nuut dat godsdiens werklik vir jou lekker is — veral dán as 'n realis, want jy ondervind die grootste werklikheid wat daar is: die krag van God — ook nie net op Sondag nie, maar elke dag van jou lewe.

Nou wonder ek

Na die gesprek is ek aan die wonder. Het Christene werklik so 'n snaakse mentaliteit, of het ons realiste dit dalk, want ware Christene aanvaar en ondervind iets waarvan ons realiste niks weet nie — of wil weet nie!

My dominee-vriend is nie baie behulpsaam met die probleem nie. Hy sê ek moet maar self duidelikheid kry. Hy sê ek sal dit ook kry as ek dit werklik wil hê: ek moet bietjie gaan luister na preke in 'n kerk waar uit die Bybel gepreek word — nie somer stories uit eie lewe nie, maar waar die dominee 'n teks neem uit die Bybel en dit verduidelik. Dit sal ook help as ek met God praat en Hom vra om sy Gees in my lewe in te stuur. Ek moet ook in die Bybel lees — hoofstukke soos Johannes 14 en 16, Galasiërs 5:16-26 en 1 Korintiërs 12:1-11.

Ek gaan dit bietjie probeer. Ek wil sekerheid hê oor hierdie Gees van God en oor die mentaliteit van Christene.

Chris Coetzee

Moet die kerk hom aanpas by die wêreld?

Aanpas is een van daardie wonderlike woorde. In die ou dae het jy net 'n paar skoene of 'n pak klere aangepas. Toe kom die slim mense en hulle vertel ons dat al die ellende in die wêreld veroorsaak word deurdat mense nie wil aanpas nie, d.w.s. wanaanpassing.

Stoute kinders, misdadigers, sielsiekes, alkoholiste ens. is almal slagoffers van aanpassingsprobleme. Omdat hulle nie aanpas nie, pas hulle ook nêrens in nie. So ontstaan disharmonie en vereensaming en 'n breuk met die medemens. Daar is kommunikasieprobleme tussen ouer en kind, man en vrou ... kerk en lidmaat. Geluk is hiervolgens om aanpasbaar te wees.

Kom ons kyk nou wat is die algemene opvatting. Waarby moet daar aangepas word. Daar moet tog een of ander instansie wees wat vir jou die bloudruk neerlê waarby jy moet aanpas... 'n patroon waarop jy afgeknip kan word.

Pas aan by die gemeenskap

Die magiese towerwoord hier is die gemeenskap. Daar moet aangepas word by die gemeenskap. Wat hierdie gemeenskap presies is, kon niemand nog vir my honderd persent mooi duidelik maak nie. Blykbaar is dit een of ander grootste gemene deler, die grootste groep mense wat op 'n gegewe oomblik 'n konsensus oor 'n saak het. Die wat dit dan nie deel nie, of daarby inval nie, is die afwykendes. Hulle is die strammes wat nie in 'n patroon wil inval nie. Hulle is die wanaangepastes.

Ek moet u eerlik sê dat die woord my vreeslik onrustig maak. Die probleem kom hierby in dat die gemeenskap so 'n onbetroubare, wisselvallige iets is. Jy kan daarvan net so seker wees as 'n regering in wankelrige state. Om dáárby aan te pas, sal jy 'n verkleurmannetjie soos min moet wees.

Totaal nuwe wêreld

Kyk maar om u rond. Ons belewe vandag dinge wat ons voorouers in hul graf sou laat omdraai. Daar het 'n totaal nuwe wêreld opgestaan met ander idees, maatstawwe en waardes. Die modewoord is verandering. Die begrip 'change' het in die bestek van 'n paar jaar geyk geraak. Is dit dalk dié dat die aanpassingsprobleme in ons tyd so legio raak? Omdat niks vasstaande is nie en die waarheid relatief is, raak mense verward en onseker. Meer geleerd gestel: die objektiewe het plek gemaak vir die subjektiewe.

In hierdie dolle wêreld moet die mens nou sy pad vind. Waar die gemeenskap vroeër min of meer eenvormig was, sodat die mens se 'aanpassing' ongekompliseerd was, het dit nou meervormig geraak. Van alle kante word daar nou om die mens se hart gebie. Dit roep en streel, dit lok en bekoor, dit belowe paradijs en utopieë.

Nou weer vir die vraag. Moet die kerk hom aanpas? Moet hy die smaak van die dag ontleed, sy seile dan na die wind span, meningspeiling gebruik om te bepaal of sy beeld die publieke mening bevredig, skakelbeamptes aanstel om sy beeld te bou?

Wat is die Kerk?

Miskien moet ons egter net eers vir mekaar by herhaling herinner aan wat die kerk is! Die kerk is die vergadering van gelowiges wat deur God uitverkies is. Die kerk is dus 'van bo'. Dis 'n gebou met 'n hemelse Beplanner en Boumeester wat dit volgens sy ewige Plan opgetrek het. Elkeen wat deur die geloof in Jesus Christus tot bekering kom, word as 'n

lewende steen in daardie gebou ingemessel. So staan die gebou dan daar. Hy het die aanslae van die eeue, die liste van die duiwel en die hart van die wêreld deurstaan. Sy krag lê in sy andersheid en die geheim van sy bestaan in sy Hoeksteen. Op daardie hoeksteen staan geskrywe: die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.

Kom ons dink nou daaroor: wat sou gebeur het as die eerste kerk hom by die Romeine beskawing van sy tyd aangepas het, of as hy in sy sendingwerk 'n voetval voor die heidene gedoen het? Waar dit soms wel in die geskiedenis gebeur het, móés dit gepaard gaan met uitholling van binne en identiteitsloosheid, want om gedurig aan te pas, máák jou identiteitloos, openbaar jou ruggraatloosheid. Aan so 'n persoon het jy niks en aan so 'n kerk nog minder. Die Bybel sê dat 'n kerk wat nie koud of warm is nie, deur sy Koning uit die mond gespoeg sal word.

Boodskap van die opgestane Christus

Onnodig om te sê dat die kerk nie kan preek asof dit steeds die tyd van die ossewa is en nie sy boodskap kan rig asof die eerste man nog nie op die maan geloop het nie. Juis omdat die Woord in homself 'n onveranderlike aktualiteit besit, bly dit byderwets en kan dit die mens van die twintigste eeu in sy hart gryp.

Dit dan teenoor aanpassing, teenoor Jan Salie-mooiweerspreke en siellose, morele lessies. Waar die gespierde taal van die lewende, opgestane Christus weerklink, is die boodskap tydloos en vertoon hulle wat deur dié boodskap versamel word, die beeld van hulle Koning wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Kom ons los “aanpas” maar vir die kleremakers.

Thys Lourens.

TEKENS

As ek moet stop ... is daar 'n stopteken. As ek wag vir ander verkeer ... is daar 'n toegeteken. 'n Teken wys hoe warm die yster moet wees waarmee ek my hemp stryk, 'n teken toon aan watter kant van die pakkie moet bo wees. Nog 'n teken waarsku dat die inhoud van die pakkie breekbaar is en 'n gevaarteken maak my waaksaam vir elektrisiteit. 'n Padteken lig die motoris in oor die padtoestand.

As ek rook sien, is dit 'n teken dat daar iewers vuur is. As ek die blare van die boom sien roer, is dit 'n teken dat die wind waai. As ek 'n skaduwee om 'n hoek sien, is dit 'n teken dat daar iemand aankom. As dit lig word in die ooste, is dit 'n teken dat die dag aan't breek is. As my buurman se gesig rooi word, is dit 'n teken hy het hom vir my vererg.

Só gaan dit in die lewe. Die een klein dingetjie wys na iets groter. 'n Sekere gewaarwording wys na iets anders.

'n Taal wat spreek

Tekens, dooie, soms onbenullige tekens, sê iets vir my. Op só 'n wyse spreek God ook soms met die mens... deur middel van tekens. God gee 'n sekere teken... en dit het vir jou geloofslewe betekenis.

So was dit ook op Pinksterdag, toe die Heilige Gees vanuit die hemel uitgestort is om in die harte van die gelowiges te kom bly. Saam met die koms van die Heilige Gees was daar drie tekens:

- daar was die geluid soos van 'n geweldige rukwind,
- op die koppe van die mense was daar tonge vuur,
- die mense het in verskillende tale begin spreek.

Die wind

In die geluid van die rukwind wil die Here aan die mens iets leer van die werk van die Heilige Gees:

- jy kan dit nie sien nie... net soos jy die wind nie kan sien nie,
- jy kan dit nie weerstaan nie... soos wind onweerstaanbaar is,
- soos wind is die Heilige Gees onnaspeurlik en onweerstaanbaar.

Die vuur

Ook die vuurvlamme wat bokant die hoofde van die mense geknetter het, was 'n teken van die werking van die Heilige Gees.

Vuur doen veral twee dinge: dit gee lig en dit louter (so word goud en metaal deur vuur gelouter).

Die vuur wat as teken te sien was toe dat die Heilige Gees na die aarde gekom het, vertel aan ons dat die Heilige Gees verliggend en louterend werk soos vuur. Vuur gee wel lig... maar dit kan ook verblind. Jy kan jou in die hitte van vuur koester ... maar dit kan jou ook verskroei.

Só is die werking van die Heilige Gees. Hy verlig die verstand van die een mens wat dit begeer; Hy verblind die oorwegings in die hart van 'n ander. Hy vertroos hulle wat smag na troos vanuit die hemel; Hy verteer die veragters van God.

Stimuleer die stembande

Toe die Heilige Gees in die harte van die gelowiges in Jerusalem gedaal het, het hulle in verskillende tale begin vertel van Jesus Christus. Eintlik was dit die Gees wat deur hierdie mense gepreek het. Die Gees is die Gees wat praat. Die Gees vertel aan die wêreld van Jesus Christus en die verlossing van die sondes deur die woorde wat uit die monde van mense kom.

Dink ernstig na

Wat jy nou gelees het, is ook woorde... woorde wat die verlossingsboodskap van Jesus Christus tot jou bring. Die Heilige Gees bring dit tot jou. Moet dit nie teëstribbel nie. Glo in Sy onweerstaanbare, onnaspeurlike krag. Glo in die Woord wat God deur die Gees laat spreek... dan sal jy gered word!

Nico van der Merwe.

Daar is geen vergewing en genade nie!

Op een of ander stadium moes jy al van Jesus Christus gehoor het. Dit is Hy wat gekom het om hierdie wêreld van die EWIGE VERDERF te verlos. Gebore in 'n krip in Bethlehem, gely en gesterwe op Golgota-heuwel. Nadat Hy die hel en dood oorwin het, kom Hy uit die graf as oorwinnaar. Daarna vaar Hy op in die hemel om te sit aan die Regterhand van God, Sy Vader.

Jy het van Hom gehoor as die Verlosser van die wêreld; Die ENIGSTE wat mag het om sonde te vergewe. Dit maak nie saak hoe vuil-besmeerd die lewe van 'n mens is nie: dronkaards, ontugtiges, bedrieërs, tronkvoëls, ja selfs 'n misdadiger wat besig is om met sy lewe vir sy misdaad te boet, kan voor God vry uitgaan as hy sy toevlug in waaragtige geloofsvertroue na Jesus Christus toe neem.

Bedek, gekleed in die klere van die geloof in Jesus Christus, sien God die sondaar asof hy nooit enige sonde gedoen het nie. Jy wat bankrot was en niks kon betaal nie, kan vry uitgaan sonder enige skuld.

Vir jou en my is dit 'n groot en ryke troos; al het ek ook hoe ver weggedwaal en myself besmeer soos die verlore seun wat tussen die varke sit — as ek deur die werking van God, die Heilige Gees, opstaan en uitvlug na Jesus toe, is daar vir my VERGEWING EN GENADE asof ek nog altyd 'n gehoorsame kind van die Here was.

Sonde teen die Heilige Gees

Tog is daar een saak waarvoor daar geen VERGEWING EN GENADE is nie — 'n sonde wat nie deur die werk van Jesus Christus versoen sal word nie. Dit word deur Jesus DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES genoem. Die mens wat hierdie sonde doen, sal nooit aanspraak kan maak op vergewing en hom op genade beroep nie.

Die mens wat hierdie sonde begaan, is juis jy en ek wat op 'n keer van Jesus gehoor het, wat weet dat Hy die Verlosser is en wat weet wat Hy van die mens vra en verwag. Jy wat op 'n tyd gereeld gebid en Bybel gelees het, dit is jy wat hierdie sonde kan begaan.

Die sonde wat nie deur die bloed van Jesus Christus versoen sal word nie, is wanneer jy teen jou beterswete, met opset en moedswillig van Jesus af wegbeur, terwyl jy weet dat dit verkeerd is. Soos 'n kind wat weet hy mag nie, maar aanhou met die verkeerde, omdat hy eiewys is. Dit is wanneer jy die waarheid die leuen noem, omdat die waarheid vir jou te lastig geword het.

Die Heilige Gees werk in jou om jou te oortuig van die verkeerde, maar jy hou aan om die verkeerde te doen: **JY WIL NIE MET DIE VERKEERDE BREEK NIE**. Toe Jesus op die aarde was, was daar ook sulke mense. Mense wat van Hom geweet het, wat kon sien en hoor wat Hy doen en leer, maar wat nie wou hoor nie, **OMDAT DIT VIR HULLE LASTIG WAS**.

Om te luister en te hoor, sou beteken dat hulle met die verkeerde moes breek waaraan hulle so gewoond geraak het. **DAARVOOR HET HULLE NIE KANS GESIEN NIE**. Hulle het met woord en daad die Verlosser die verderwer genoem. Hulle werke het getuig dat hulle met Hom niks te doen wil hê nie.

Ewige oordeel

Aan die mens wat hierdie pad ingeslaan het en volhardend daarop loop tot die einde van sy lewe, verkondig Jesus en ook die kerk van vandag:

Dat daar vir die soort mens geen vergewing sal wees nie, geen genade nie, maar die EWIGE OORDEEL. Jy wat weet van Jesus Christus, wat weet wat Hy van ons vra, MAAR NET NIE WIL LUISTER NIE. Jy wat deur jou lewe toon dat jy die waarheid die leuen noem., wat van die waarheid af wegbeur en ten spyte van al die vermaninge, daarmee volhard. God se Woord waarsku ons teen die sonde teen die Heilige Gees.

Dink baie goed daaroor na. Jy kan nou nog van genade hoor... jy wat op jou pad volhard. Jy kan nou nog terugkeer en genade ontvang: deur dit wat jy nou gelees het, roep en trek die Heilige Gees jou na die LEWE.

Johan Breedt.

Waarom bid jy?

As God alwetend is en dus ook weet van jou en jou behoeftes, waarom moet jy dan nog tot Hom bid? Is dit nie 'n mosie van wantroue in die Here om Hom dinge te vertel wat Hy beter weet as jyself nie?

Buitendien, waarom moet ek voor ete bid en na ete die Here dank vir brood wat ek gekoop het met my geld by die kafee? Waar kom die Here in die prentjie — dis ek, my geld en die kafee?

Dit lyk my jy het 'n wanopvatting oor die gebed. Die gebed is geen inligtingsdiens aan God nie. Die gebed is ook nie 'n vraebus en 'n laaste wanhoopsmiddel om, nadat jy alles probeer het, dit ook met God te deel of by Hom te probeer hulp kry nie. Die gebed is nie 'n nooddiens of noodsein aan God om sy guns te probeer wen nie. So maak jy dan soos die heidene met hul afgodsoffers. Die gebed is ook nie 'n stempel waarmee jy so 'n indruk van Christelikheid op jou vergaderings wil afdruk, maar tussen die openings- en afsluitingsgebed gaan dit sommer so padlangs en wêrelds nie.

Daardie brood waarvoor jy bid en dank... waar kom dit vandaan? Wat is daar nie alles agter brood nie? Noem maar op: die brood is gebak met meel en die meel is gemaalde koring; die koringoes was afhanklik van die reën wat God laat uitsak het oor die koringlande. Natuurrampe (hael, droogte, sprinkane, verspoelings ens.) kan jaar na jaar alle oeste vernietig as die Here nie sy skepping in stand hou en regeer nie.

Wat van al die masjinerie en implemente gebruik in die proses van broodbak; al die kennis en al die arbeidskragte; die gesondheid van arbeiders. As die Here sy seënende hand onttrek, sou jy met jou geld en al niks op tafel hê nie. Daarom bid jy, want jy bely in al hierdie dinge jou diepe afhanklikheid van die Here.

Wie se geld?

Ook jou geld... vanwaar kom dit? Watter reeks sake is nie hierin betrokke nie — 'n hele kettingreeks: gesondheid en verstand om te kan werk, werkvermoë en werkgeleentheid, werkomstandighede en werksure, 'n rustige en ordelike land waar vrede heers, ensovoorts.

Daarom bid jy. Al is jy dus 'n selfstandige mens met 'n eie wil en eie tjekboek en eie beurs, 'n mens op eie bene wat staan in eie skoene — in dit alles is jy 'n diep afhanklike mens. Ook jou maandelikse salaris is nie joune nie, maar die Here s'n. Hy het jou net daarvoor aangestel om dit te bestee tot Sy eer en in diens van Sy koninkryk. Daarom bid jy, want hierin het jy wysheid nodig.

Gebed is asemhaal

Daar is meer redes waarom jy bid. Die gebed, het iemand gesê, is die asemhaling van die siel. Net soos jy versmoor as jou liggaam nie asem haal nie, net so sal jy geestelik versmoor as jy nie bid nie. As jy ophou om geestelik asem te haal, sal jy geestelik doodgaan. Daarom bid jy.

Vraagtekens

Daar is nog redes waarom jy bid — oor daardie vraagtekens in jou lewe, daardie onverklaarbare dinge waarmee jy geen raad weet nie, daardie waaroms. Waarom laat God so iets toe, waarom moet my kind so ly, waarom die een misoes op die ander, ensovoorts. Die gelowige kan sy hart hieroor uitpraat met sy hemelse Vader.

So bely hy sy nood voor God: "O God, ek is in alles so diep afhanklik van u. U weet die daaroms op al die waaroms. Dis U raadsbesluit."

As jy bid, dan word jou bidplek 'n stukkie hemel op aarde, 'n venster op die hemel. Dan sien jy in die geloof en jy berus in dié versekering dat al die dinge gebeur ter wille van die Here Jesus Christus. Om Christus wil geskied alles ten goede. (Romeine 8:28).

As jy dan opstaan van jou bidplek, dan is jy ryker as wat jy sou wees met antwoorde op al jou waaroms, want dan sien jy die Gewer en Hy is meer as die gawes. Dan kan jy maar van die gawes ontbeer, want jy het die Gewer. Dan kom daar kalmte en gemoedsrus. Dan, alleen dan, word die lewe met sy vraagtekens draaglik. Dan kom daar weer uitsig in my lewe.

Soos vleuels

Die uitsig bring ook insig. Dit is mos waar: van hoe hoër jy 'n saak beskou, hoe wyer die uitsig en hoe dieper die insig. So is die gebed — soos vleuels wat die gedagtes hoër en hoër dra. So styg jy ook uit bo die daaglikse sorge. Wat 'n heerlike bevryding vir die ware, gelowige bidder. Daarom bid jy... word jou bidplek 'n stukkie hemel op aarde.

Nog een rede waarom jy bid: jy bid tot jou hemelse Vader om in die Naam van Jesus Christus vergifnis te vra vir jou sondes, krag van Gods Gees te vra in die stryd teen versoeking, God te dank vir sy groot sondaarliefde en dat Hy jou wil hoor en verhoor in Jesus Christus.

Amen

Dan sê jy “amen,” omdat jy weet dat jou gebed is veel sekerder deur God verhoor, as wat jy in jou hart gevoel het jy dit van Hom begeer. (2 Korintiërs 1:20 en 2 Timoteus 2:13).

P. W. Bingle